

## HOOFSTUK 4

### SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

#### 4.1 Inleiding

Die eise wat aan die bestuur van die sekondêre skool gestel word om leiding aan onderwysers en leerlinge te gee, verg dat die adjunk-hoof deeglik opgelei moet wees vir die onderrigontwikkelingstaak. Hierdie noodsaaklikheid spruit voort uit:

- die versnelde ontwikkelingspas in die Westerse wêreld en gepaardgaande hoër eise wat aan die bekwaamheid van bestuurders gestel word,
- toenemende spesialisasie op alle terreine van die lewe, ook in die sekondêre skool, met talle fasette en spesialiseringsgebiede,
- tye van verandering en vernuwing wat onderwysleiers voor groot uitdagings te staan bring om deur middel van effektiewe onderrigleiding, administrasie en organisasie, onderwysinsette optimaal te benut,
- beperkte praktiese indiensopleiding vir posbekteërs as gevolg van skoolhoofde se oorvol programme en werkslas, en
- die versorging en welsyn van alle groepe binne die skool met betrekking tot onderrigontwikkeling.

Navorsing rondom onderrigontwikkeling sny die studieveld van onderwysleierskap, onderwysbestuur en meer spesifiek onderrigleiding, met die doel om onderrig in die klaskamer te verbeter aan. Vanweë die uitgebreidheid van hierdie onderwerp is in hierdie ondersoek hoofsaaklik gekonsentreer

op die rol van die adjunk-hoof by onderrigontwikkeling. Hier volg nou 'n saaklike samevatting van die navorsing wat onderneem is.

## 4.2 Samevatting

### 4.2.1 Die literatuurstudie

Ten einde 'n beter begrip vir die navorsing rondom onderrigontwikkeling te kan vorm, was dit vooraf eers nodig om aandag te skenk aan enkele begripsbepalings. Aandag is veral aan die begrippe onderrig en onderrigontwikkeling gegee (vergelyk 2.2.2). Daar is ook na die bestuurders in die sekondêre skool se plig ten opsigte van onderrigontwikkeling gekyk (vergelyk 2.2.3).

Daar is indringend aandag geskenk aan veral die leiersrol van die adjunk-hoof by onderrigontwikkeling (vergelyk 2.3.1). Aandag is ook gegee aan die adjunk-hoof as verhoudingstigter en -onderhouer (vergelyk 2.3.2). Verder is daar ook na die rol van die adjunk-hoof as motiveerder en inisieerder van onderrig en onderrigontwikkeling gekyk (vergelyk 2.3.3 en 2.3.4). In laasgenoemde verband was sake soos indiensopleiding en die inisiëring daarvan van besondere belang (vergelyk 2.3.4). Daar is gewys op die onderskeiding en verwantskap tussen indiensopleiding en onderrigontwikkeling, asook ervaring, verdere studie en die raad van meer ervare kollegas wat kan bydra om 'n goed onderlegde onderwyser te vorm (vergelyk 2.3.4).

Daar is ook na die adjunk-hoof as kommunikasiestigter en -onderhouer gekyk, omdat kommunikasie die slagaar van elke skool is (vergelyk 2.3.5).

Die adjunk-hoof as evalueerder en begeleier is ook bespreek, aangesien evaluering van die effektiwiteit van opvoeding en onderwys van uiterste belang is, waar dit gaan om mense materiaal en dit wat die gemeenskap hoog ag (vergelyk 2.3.6).

Om te kan evalueer moet daar klasbesoek plaasvind. Daar is dan ten slotte na klasbesoek verwys as middel tot verbetering van klaskameronderrig (vergelyk 2.3.6.1).

#### 4.2.2 Die empiriese ondersoek

Die empiriese ondersoek is onderneem ten einde 'n antwoord te kan vind op die vraag na die rol van die adjunk-hoof ten opsigte van onderrigontwikkeling in die sekondêre skool in Transvaal. Hierdie navorsing is onderneem aan die hand van 'n gestruktureerde vraelys waarvan die inhoud uit twee afdelings bestaan (vergelyk bylae 1).

Afdeling 1 bevat die vrae wat daarop gerig is om die persoonlike gegewens van skoolhoofde, senior adjunk-/adjunkhoofde, departementshoofde, onderwysers met en sonder meriete-toekenning in die Vaaldriehoek te bekom. Persoonlike gegewens soos die graad van pos, geslag, onderwyservaring en laastens akademiese- en/of professionele kwalifikasies is in hierdie afdeling ingebind.

Afdeling 2 bevat vrae rondom onderrigontwikkeling. Daar is aandag geskenk aan die kwaliteit van onderrig; onderrigtegnieke; die beginneronderwyser; tyd wat aan onderrigontwikkeling afgestaan moet word; hulpverlening; direkte leiding; die opleidingsverantwoordelikheid van die adjunkhoof; indiensopleiding; kwaliteite waarvoor 'n persoon moet

beskik om suksesvolle onderrigontwikkeling toe te pas en evaluering en klasbesoek deur die adjunk-hoof.

### **4.3 Gevolgtrekkings**

Onderrigontwikkeling, die kwaliteit van onderrig en die implementering van nuwe onderrigtegnieke in die skool is vir die onderwysers van uiterste belang (vergelyk 2.2.2 en 2.2.3 asook tabelle 3.5, 3.6, 3.9, 3.10, 3.11 en 3.12).

Die implementering van nuwe onderrigtegnieke verbeter die kennis en vaardighede van die onderwyser en lei tot onderrigontwikkeling (vergelyk 2.3.3 en 2.3.4). Om dit te bewerkstellig word die kwaliteit van onderrig dikwels op vakvergaderings bespreek (vergelyk tabelle 3.7 en 3.8).

Werksbevrediging neem toe wanneer onderwysers beter toegerus is vir hulle onderrigtaak en ook as hulle deelneem aan gesprekvoering met die oog op onderrigontwikkeling.

Dit is noodsaaklik dat indiensopleiding ook nie-formeel van aard is, om daardeur die geleentheid te skep vir indiensopleiding, dit wil sê, professionele groei en ontwikkeling, binne die organisasie (vergelyk 2.3.4). Die hulpverlening wat in dié verband aan die beginneronderwyser gegee word, is nie voldoende nie (vergelyk 3.13 en 3.14). Deurlopende indiensopleiding is dus 'n absolute vereiste.

As onderwysleiers is die skoolhoof, adjunk-hoofde en departementshoofde verantwoordelik vir die onderwysstandaard van al die personeel deur onder andere direkte leiding aan onderwysers ten opsigte van onderrig te gee (vergelyk 2.3.1). Departementshoofde is tans hoofsaaklik die persone wat direkte leiding ten opsigte van onderrig aan onderwysers gee (vergelyk tabelle 3.15 en 3.16).

'n Onderwyser bekom nie tydens sy basiese opleiding genoeg kennis vir die res van sy professionele lewe nie (vergelyk 2.3.4). Tyd vir onderrigontwikkeling binne die skool is dus belangrik (vergelyk tabelle 2.19, 2.20, 2.21 en 2.22).

Veral die adjunk-hoof het as kundige 'n opleidingsverantwoordelikheid teenoor onder andere die beginneronderwysers op die personeel (vergelyk 2.3.4 asook tabelle 3.23 en 3.24).

Die persoon wat suksesvolle onderrigontwikkeling wil toepas, behoort oor die volgende kwaliteite te beskik: leierskap, motiveringsvermoë, inisiëringsvermoë, evaluerings- en begeleidingsvermoë, goeie menseverhoudings en kommunikasievermoë (vergelyk 2.3 asook tabelle 3.29 en 3.30).

Ervaring, indiensopleiding, verdere studie en raad van meer ervare kollegas help die onderwyser om 'n goed onderlegde onderwyser te word (vergelyk 2.3.4). In die verband dra die indiensopleiding wat deur die skoolhoof, senior adjunk-/adjunk-hoof of departementshoof gedoen word, effektief by tot die verbetering van onderrigvaardighede (vergelyk 3.2.5 en 3.2.6).

Klasbesoek met die oog op evaluering van personeel is die taak van die skoolhoof. Omdat klasbesoek deur die skoolhoof geassosieer word met formele evaluering van onderwysers en omdat sy tyd beperk is, is die skoolhoof nie die ideale persoon om onderrigontwikkeling in die skool te doen nie (vergelyk 2.2.1). Die adjunk-hoof as regterhand van die hoof is dus die aangewese persoon om 'n onderwyser se klas te besoek met die oog op onderrigontwikkeling (vergelyk 2.2.3).

#### 4.4 AANBEVELINGS

- Omdat onderrigontwikkeling en die kwaliteit van onderrig vir die onderwyser van belang is, behoort 'n spesifieke persoon in die skool vir onderrigontwikkeling verantwoordelik gemaak te word.
- Onderrigontwikkelingsprogramme moet daarop toegespits wees om kennis en vaardigheid van onderrigpersoneel te verbeter.
- Onderwysers moet die vrymoedigheid hê om aan besprekings oor onderrig en onderrigontwikkeling deel te neem.
- Indiensopleiding moet nie net formeel van aard wees nie. Daar moet binne die skool geleentheid vir deurlopende indiensopleiding geskep word.
- Adjunk-hoofde moet onderwysers bewus maak en oortuig van die noodsaaklikheid van verandering tot verbetering in die tegniese aspekte van die onderrig in die skool en direkte leiding ten opsigte van onderrigontwikkeling moet deur hulle gegee word.
- Die nuutste inligting oor onderrigontwikkeling behoort aan adjunk-hoofde beskikbaar gestel te word. Dit moet intensief deur hulle bestudeer word met die oog op implementering daarvan en hulle sal moet sorg dat die nodige tyd daaraan afgestaan word.
- Adjunk-hoofde moet 'n gesonde verhouding met onderwyspersoneel handhaaf deur hulle voortdurend te motiveer en goeie menseverhoudinge te handhaaf. Sodoende kan heelhartige samewerking en ondersteuning bewerkstellig word.

- Groter aandag sal aan indiensopleiding vir adjunk-hoofde gegee moet word. Die Transvaalse Onderwysdepartement behoort op 'n georganiseerde wyse kursusse aan te bied wat die volgende aspekte insluit: leierskap, delegering, gesag, beplanning, kommunikasie, evaluering en begeleiding met die oog op onderrigontwikkeling.
- Alhoewel klasbesoek die uitsluitlike taak van die skoolhoof is, behoort die adjunk-hoof gereeld op persoonlike uitnodiging van die onderwyser sy klas te besoek om sodoende hulp te verleen ten opsigte van onderrig.
- Skoolhoofde behoort te sorg dat adjunk-hoofde sover as moontlik losgemaak word van oormatige administratiewe take sodat hulle hul meer kan toelê op leiding en begeleiding van onderwysers met die oog op verbetering van onderrig in die klaskamer.

#### **4.5 AANBEVELING MET DIE OOG OP VERDERE NAVORSING**

Hierdie navorsing is onderneem met die doel om die rol van die adjunk-hoof by onderrigontwikkeling te bepaal. 'n Groot deel van hierdie studie is 'n oorsigstudie van die adjunk-hoof by indiensopleiding en klasbesoek met die oog op onderrigontwikkeling.

Enkele navorsingsterreine wat uit die studie na vore gekom het, is die volgende:

- 'n Ondersoek na die ontwerp van kriteria vir die effektiwiteit van onderrigontwikkeling van onderwyspersoneel.
- Die ontwerp van meetinstrumente om die behoefte aan onderrigontwikkeling te bepaal.

- Die ontwerp van 'n model waarvolgens onderrigontwikkeling deur onderwysleiers gedoen kan word.
- 'n Onderzoek na die take en verantwoordelikhede van die adjunk-hoof, aangevul deur 'n empiriese ondersoek waardeur 'n ideale tydsverdeling vir elke taak vasgelê kan word.

#### **4.6 MOONTLIKE LEEMTES IN DIE STUDIE**

Vanweë die beperkte omvang van die skripsie is daar in hierdie ondersoek slegs enkele fasette van onderrigontwikkeling en die rol van die adjunk-hoof by onderrigontwikkeling aangerak.

Dit sou wenslik gewees het dat 'n breedvoerige bespreking van die adjunk-hoof as begeleier en hulpverlener by klasbesoek kon plaasvind. Hierdie ideaal is egter aan bande gelê weens die feit dat die adjunk-hoof slegs op uitnodiging van 'n onderwyser klasbesoek mag doen.

#### **4.7 SLOTOPMERKING**

Dit lei min twyfel dat adjunk-hoofde in Transvaalse sekondêre skole 'n besondere rol het om te vervul by onderrigontwikkeling.

Hierdie ondersoek het getoon dat daar 'n groot behoefte aan onderrigontwikkeling bestaan, en dat die adjunk-hoof waarskynlik die persoon is wat in die gunstige posisie verkeer om hierdie taak binne skoolverband uit te voer.